VERJAARSDAE : 8 MAART TOT 14 MAART 2009

03/08	ESTER	OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	(Blok 4)
03/08	DOLF	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 119	(Blok 3)
03/08	VINCENT	VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	(Blok 3)
03/09	CHARLOTTE	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 182	(Blok 2)
03/10	MARIANA	STRYDOM	SMUTSLN 208	(Blok 2)
03/11	ELEESHA	BADENHORST	BREYERLN 1231	(Blok 4)
03/12	JOHAN	VAN DER SPUY	VAN RIEBEECKLN 101	(Blok 3)
03/13	PIERRE	VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	(Blok 2)
03/13	JOHAN	OLIVIER	FLEURPARK WS 3	(Blok 1)

HUWELIKHERDENKING : 12 MAART 2009

DONDERDAG, 12 MAART

ANDRÉ EN MELANIE DE VILLIERS — DIANASTR 37 — (Blok 4)

ONTHOU ASSEBLIEF OM U OU TYDSKRIFTE, KOERANTE EN AFVALPAPIER IN RONNIE SE DROM IN DIE PARKEERTERREIN TE GOOI

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

BOOMSLOPING
EN SNOEI VAN BOME EN STRUIKE.
Kontak: Ernst - 083 656 4992

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 8 Maart 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 8 MAART
2de Sondag in Lydenstyd

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
(Tema: Verban jou vrese—2)
09:00 Kinderediensteenste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/ Ouers kuier saam
19:30 Gesinne speel saam

DINSDAG, 10 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 11 MAART

17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 12 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 13 MAART

06:00-06:30 Stiltediens
18:00-22:00 OppiKoffie

SATERDAG, 14 MAART

08:00 Ontdek jou Potensiaal

SONDAG, 15 MAART
Deurkollekte : Jeug

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
(Tema: Verban jou vrese—2)
09:00 Kinderediensteenste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/ Ouers kuier saam
19:30 Gesinne speel saam

MAANDAG, 16 MAART

19:00 Droomspan vergadering

DINSDAG, 17 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 18 MAART

17:00 Biduur

DONDERDAG, 19 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 20 MAART

06:00-06:30 Stiltediens
18:00-22:00 OppiKoffie

SATERDAG, 21 MAART

Menseregtedag

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Janita Mostert, DF Malanln 104 wat die afgelope week 'n operasie ondergaan het (Blok 3).
2. Sanette Hambridge, DF Malanln 127 wat die afgelope week toetse ondergaan het (Blok 3).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 254a met Tania se moeder wat behandeling ondergaan en Willie se moeder wat ernstig siek is (Blok 1)
4. Apie en Karen Erasmus, Theodorestr 45 (met Karin wat tuis herstel na 'n ernstige beenbreukoperasie (Blok 1).
5. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat nog sukkel met haar gesondheid (Blok 1).
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2)

Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal teen R100. Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.

Baie dankie.

Spesiale vergunning deur die Kerkraad—persone wat nie die vorige bundel het nie, ontvang dit gratis saam met hierdie feesbundel!

MENINGSPEILING

Neem deel aan ons meningspeiling op ons webblad by www.lytteltonoos.org.za

Lydenstyd

25 Februarie—11 April

Lydenstyd is 'n geleentheid om onsself weer aan die Here toe te wy.

Gedurende lydenstyd is dit gebruiklik om te vas. Dit behels dat ons ons weerhou van sekere voedselsoorte (bv. vleis, koffie), lekkernye (bv. sjokolade, alle suiker) of aktiwiteite (koerantlees, TV kyk). Op hierdie manier identifiseer ons onsself met Jesus se lyding en "waak" ons saam met Hom. Wanneer ons dit doen, verskerp dit ons belewenis van Jesus se lyding en uiteindelik ook van sy opstanding. (Vir meer inligting besoek ons webwerf by: www.lytteltonoos.org.za/kerkjaar/lydenstyd.htm)

Program

Sondag 5 April Palmsondag 09:00 Erediens	**Maandag 6 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens	**Dinsdag 7 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens	**Woensdag 8 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens
Donderdag 9 April Groot Lydensweek 19:00 Nagmaal	**Vrydag 10 April** Goeie Vrydag 09:00 Erediens	**Saterdag 11 April** Stil Saterdag 22:30 Middernag-diens / Nagmaal / Belydenis-aflegging	**Sondag 12 April** Opstandingsdag 09:00 Erediens

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

VERKIES TOT KERKRAADSLEDE

As Ouderling: Madelaine Steyn, DF Malanln 249
As Diaken: Johan Lourens Botha, Van Riebeeckln 194

Die gemeente se voorbidding word vir hulle gevra in die besluitneming van hierdie verkiesing.

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf Klerkdorp (Moeder gemeente):

Lynette Heather Raulstone, Krugerlaan 67 (Blok 3).
Hartlik welkom by Lyttelton-Oos. Ons hoop u sal baie gelukkig hier wees.

NUWE INTREKKER-ONTBYT

Hierdie geleentheid vind plaas op ***SONDAG, 15 MAART 2009, OM 07:00*** by Centurion Gastehuis, Van Riebeecklaan 277.
(Carine Blignaut 082 856 7410)

DIENSVERHOUDINGE

Die Kerkraad is dringend op soek na 'n persoon om die pos van Diensverhoudinge te vul. Hierdie persoon moet 'n goeie kennis van personeel-aangeleenthede hê. Meer besonderhede is by Johan Bauer (012 664-2230 / 083 305 3768) beskikbaar.

SONDAG : TEEBEURTE

Baie dankie aan die lidmate wat Sondae bereid is om tee te skink. Die opoffering word opreg waardeer. 'n Vriendelike versoek—sal u asseblief melk saamneem. Tee, Rooibostee, koffie en suiker is beskikbaar.

NEEM ASSEBLIEF DIE MELK WAT OORBLY TERUG HUISTOE!!

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
18 April 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Bybel lees?	Freddie Schoeman
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139, vul 'n terugvoervorm in of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

16 April—25 Junie

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 14 Maart 2009
08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog drie ander geleenthede hierdie jaar:

30 Mei 2009
29 Augustus 2009
7 November 2009

GEBEDSBRIEF NO 5

Goeie More Gemeente!

Een van die vernaamste voorwaardes vir voorbidding is dat die voorbidder se lewe skoon sal wees. Hy/sy moet all bewuste, onbelyde sonde bely en daarmee breek. Enige vorm van sonde verhinder gebed: Daarvoor is Ps 66:18 en Jes 59:1-2 baie duidelik. Dis baie belangrik dat ons uit 'n rein hart tot God moet bid. Dit is ook belangrik om sonde uit jou verlede deeglik te bely. Deel jou lewe op in voorskool, laerskool, hoërskool, naskool, getroude lewe ens en vra die Gees van God om vir jou enige sonde te wys wat jy in daardie periodes gedoen het en wat jy nog nie bely het nie. Maak 'n lys daarvan en bely dit dan een vir een voor die Here. Indien die Here jou so lei, kan jy ook na 'n betroubare medegelowige toe gaan en saam met hom/haar oor hierdie dinge bid en dit sodoende saam met iemand anders in die lig bring.

Dit is belangrik om te onthou dat dit die taak van die Heilige Gees is om jou te wys op sonde wat nog nie bely is nie en ook dinge waarmee jy nog nie gebreek het nie. Pasop vir 'n voortdurende gesoek na sonde in jou eie lewe, maar maak doodseker dat wanneer die Heilige Gees jou aandag op iets vestig, jy dadelik werk maak daarvan. Die woord bekering word op twee maniere in die Bybel gebruik. 'n Persoon wat Jesus Christus vir die eerste keer as sy persoonlike Verlosser aanneem, kom tot bekering. Maar daar is ook iets soos voortgaande bekering. Elke gelowige doen nog steeds sonde en moet voortdurend van sonde bekeer.

Dit gebeur dikwels dat mense hulle sondes bely en dit laat staan, maar nogtans geen vrede in hulle hart ondervind nie. Die volgende dinge kan onder andere die oorsaak wees.

Eerstens: Dit kan wees dat jy nie alles bely het in verband met 'n sekere saak nie; dat jy onwillig is om te erken dat jy alle blaam dra; dat jy nie regtig vergewe het nie of dat jy nie eerlik was met God oor die hele saak waarin jy gesondig het nie.

Tweedens: Nadat jy vir God gevra het om jou sonde te vergewe en skoon te was met die bloed van Jesus Christus (1Joh1:9), onthou dat Hy ook jou slegte of skuldige gewete wil reinig (Heb. 10:22). Die Satan kom kla ons

dikwels by ons eie gewete aan nadat God ons klaar gereinig het met sy bloed. Met ander woorde: vra die Here ook om elke gedagte in verband met daardie sonde of sondes uit jou gedagtes weg te was met die bloed van die Here Jesus.

Derdens: Dit kan natuurlik ook wees dat jy nie regtig wil breek met daardie spesifieke sonde nie. Gaan dan weer op jou knieë en bely daardie onwilligheid; as dit nodig is vra die Here om jou gewillig te maak om sy wil te doen en met die sonde te breek. Moenie sondige gedagtes in jou hart vertroetel nie; bely dit en vra die Here om elke verkeerde beeld of gedagte wat oorgebly het van sonde wat jy gedoen het, met sy bloed uit te wis.

Vierdens: Die Satan kan 'n mens egter nog steeds aanval en die vrede uit jou hart probeer wegneem. Jakobus 4:7 gee vir ons goeie raad:

Onderwerp julle dan aan God, weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Let op: die vers bestaan uit drie dele.

1. Onderwerp jou aan God.
2. Weerstaan die duiwel.
3. Hy vlug van jou af weg. (Weerstaan die duiwel deur hom in die Naam van Jesus weg te stuur)

Vyfdens: As jy al die voorafgaande stappe gevolg het en daar is nog steeds geen vrede nie, moet dan nie na jou onvrede kyk nie, maar kyk op na Jesus en sien dat Hy die Satan aan die kruis oorwin het en die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak het (Kol.2:13-15). Kyk dan na die beloftes van God en glo dit eerder as jou eie wispelturig gevoelens. Ons vergifnis word deur God bewerk en die gevoel van vrede is slegs bykomend. Eien in die geloof die beloftes van God se vergifnis vir jou toe.

Ek glo dat hierdie lydenstyd vir ons as Christene hierdie jaar van groot waarde gaan wees. Laat toe dat Jesus jou hart en lewe werklik om vul met die vrede waarvan Hy praat en dat jy dit werklik sal ervaar en vir die res van jou lewe daarmee saam kan leef.

Vrede vir almal in Jesus Christus

Die Gebedsgroep